

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 15, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2015 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

In watter “wêreld” leef u!

Dit was fassinerend om gedurende my 84 lewensjare die verskillende “wêreld” waarin mense leef te kon waarneem. Die meeste mense word oorheers – ook dikwels beperk – deur die besondere eng wêreld waarin hulle leef.

Miljoene mense leef in die “media”-wêreld en loop oor van entoesiasme oor filmsterre en akteurs in televisie-programme. Ander mense is in die “sport”-wêreld verdiep en verwonder hulle aan die drieë wat gedruk word of die lopies wat deur hulle gunsteling sporthelde aangeteken word.

Daar is “wêreld binne wêreld”. 'n Gholf-fanatikus mag baie min kennis dra of belangstelling in sokker toon. Vir 'n operaliefhebber mag die meeste “pop”-musiek redelik onbekend wees en 'n aanhanger van die nuutste “*boy band*” mag 'n weersin hê in simfonie- of koormusiek, of dit selfs minag.

Bewoners van elke “wêreld” sal dikwels toelaat dat hulle eng belangstellings byna al hulle vrye tyd, geld, gesprekke en verhoudings in beslag neem. Individue wat vanuit hulle eng bestaan kan terugkyk en eerder op die “groot prentjie” fokus, waarbinne hierdie eng wêreld in vergelyking maar klein is.

Sir Winston Churchill het gesê: “Daar is 'n groot *plan* en **doel** wat hier benede uitgewerk word”. Hierdie “man van die eeu” was op die

regte pad, maar selfs hy het nie daardie groot plan en doel ten volle verstaan nie – die **rede** waarom ons gebore is, die *rede* waarom ons asemhaal en die **doel** waarvoor ons geskape is.

Verstaan *u* dit?

My eie klein “wêreld”

Terwyl ek in die myndorp Joplin in die suidweste van Missouri grootgeword het, was my eie “wêreld” basies tot my vriende en familie en die plaaslike gemeenskappe rondom Joplin beperk. Daardie “wêreld” het verbreed toe ek, as 'n jong volwassene, die geleentheid gehad het om vir 3½ maande aaneen deur Europa te reis. Dit het werklik my oë oopgemaak om te sien hoe duisende basies “gemiddelde” mense hulle lewens lei. Saans, op die breë boulevards van Parys, Rome en Madrid, het ek gesinne by dieselfde tafel gesien sit, terwyl Oupa sy tee drink, 'n seun en skoondogter wyn drink en die jonger kinders hulle koel drank drink. Hulle het net met hulle lewens aangegaan, nie méér sondig en nie méér regverdig as die meeste Amerikaners saam met wie ek grootgeword het nie.

Hierdie ervaring het my gehelp om te verstaan dat die “egte waardes” wat ons behoort te soek nie dié van middelklas Amerikaanse Protestantisme of Europese Katolisisme of enige ander mensgemaakte “wêreld” van idees en

praktyke is nie. Daardie waardes word eerder in die **Tien Gebooie** gevind, die geïnspireerde **weg** wat God eeue gelede aan ons voorvaders geopenbaar het. *Enige ander* “standaard” van gedrag wat deur mense bepaal word, is minderwaardig en beperk – omdat ons eie gedagtes en begrip beperk is en by verre ondergeskik is aan die **Skepper** wat ons in die eerste plek gemaak het.

Baie mense hou nie daarvan om dit te hoor nie! Ek sal nooit die raad van my ouer kleinneef, 'n baie *suksesvolle sakeman*, vergeet nie. Hy het 'n groot sirkel getrek met verskillende afdelings om te toon hoe ons elke dag van ons lewens ons tyd behoort te bestee aan aktiwiteite soos onderwys, werk, huisgesin, ens. Hy het slegs 'n baie klein deeltjie vir “godsdienste” afgemerkt, want hy het gesê dat dit by tye nuttig mag wees, maar dit *moet nooit* toegelaat word om *inbreuk te maak* op die “groot dinge” in die lewe, soos loopbaan en gesin nie.

Wat hy eintlik vir my gesê het, was om God in 'n “kassie” te sit! God het hom natuurlik nie geroep nie en ek het dwarsdeur die dwaling in sy redenasie gesien. Indien daar geen werklike God was nie, kon sy benadering goed gewees het. Indien daar egter 'n ware God van die Bybel is, 'n kragtige Geestelike Wese wat ons geskape het, wat die heelal geskape het, ons gedagtes

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik –

In watter “wêreld” leef u!

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die krag van godsdienste 3

Is godsdienstige dweepsug iets wat “elders” gevind word? Kan u eie nasie onder die invloed van 'n sterk godsdienstige leier val? U Bybel openbaar die antwoord!

Humboldt se nederige moeras 8

Ryke kom en gaan 10

Van die antieke Babilon tot die moderne Europa, het 6,000 jaar se beskawing die eb en vloed van eens groot en nuwe groot wêreldmoondhede gesien – met een waaroor geprofeteer is wat nog moet kom.

Kunsmatige intelligense:

Belofte of Euwel? 15

Sal masjien-intelligense 'n omwenteling in die menslike beskawing teweegbring – of dit tot op die rand van vernietiging neem? Wat voorspel die toekoms vir die mensdom?

Te veel van 'n goeie ding? 19

Môre se Jeug 21

Die Kerk en die jeug.

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada, Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekkantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die krag van godsdiens

Deur Roderick C. Meredith

Meer as 1,5 miljard mense bely die Islam-godsdiens. Vir baie van hierdie gelowiges is hulle godsdiens *hulle lewe*. Reg of verkeerd, hulle is **passievol** oor hulle godsdiens! Hoewel baie Moslems basies vreedsaam is en dit goed bedoel, veroorsaak die kragtige invloed van die Islamitiese godsdienstige oortuigings – so ook die ekstremiste wat uit die mees militante begrip van daardie oortuigings munt slaan – dat baie ander Islamiete **gewelddadig** raak.

Baie top politici en strateë in die Weste het probeer om daarop aan te dring dat die *Islamitiese Staat van Irak en ash-Sham* (ISIS) – die “Islamitiese Staat” wat nou oor die Midde-Ooste versprei en wat alreeds oor 'n landmassa groter as die hele Verenigde Koninkryk regeer – **nie** oor godsdiens gaan nie. Hulle is egter heeltemal **verkeerd!** Indien u dit noukeurig bestudeer, sal u tot die slotsom kom dat dit “alles” oor godsdiens gaan! Nog erger, die “godsdienstige” oriëntasie van hierdie militantes veroorsaak dat hulle die dood van almal wat hulle teenstaan soek, terwyl hulle probeer om die einde van die wêreld, soos dit in Moslem-geskrifte geprofeteer is, te verhaas.

Hoe bloeddorstig en volksmoordend het hierdie ISIS-Moslems in die naam van hulle godsdiens geraak? Kyk na

hierdie insiggewende verslag wat onlangs deur Graeme Wood van *The Atlantic*-tydskrif geskryf is:

“In September het Sheikh Abu Muhammad al-Adnani, hoofvoerder van die Islamitiese staat, 'n beroep op Moslems in Westerse lande soos Frankryk en Kanada gedoen om 'n ongelowige te vind en 'sy kop met 'n klip inmeekaar te slaan', hom te vergiftig, hom met 'n motor raak te ry, of 'sy oes te vernietig'. Vir Westerse ore klink die Bybelse straf – steniging en oes-vernietiging – vreemd naas sy meer modernklinkende oproep om met 'n voertuig moord te pleeg. (So asof hy wil wys dat hy slegs deur beeldspraak kan terroriseer, het Adnani ook na Staatsekretaris John Kerry as 'n 'onbesnede ou man' verwys).

“Adnani praat egter nie net twak nie. Sy toespraak was deurspek met teologiese en wetlike besprekings en sy aandrang om gewasse te teiken, eggo direkte opdragte van Mohammed om putwater en gewasse met rus te laat – tensy die Islamse magte

in 'n verdedigende posisie is, in welke geval Moslems in die lande van kuffar, of ongelowiges, ongenadig behoort te wees en voortgaan om te vergiftig.

“Die werklikheid is dat die Islamitiese Staat Islamities is. Baie Islamities. Ja, dit het psigopate en avonturiers gelok, grootliks uit die ontevrede bevolkings van die Midde-Ooste en Europa. Die godsdiens wat deur sy vurigste aanhangers verkondig word, is uit samehangende en selfs geleerde interpretasies van Islam afgelei.

“Feitlik elke belangrike besluit en wet wat bekend gemaak is deur die Islamitiese Staat voldoen aan dit waarvoor dit staan – in hulle pers en aankondigings asook op die advertensieborde, nommerplate, skryfbehoeftes en muntstukke – 'die Profetiese metodologie', wat beteken dat hulle die profesie en voorbeeld van Mohammed tot in die fynste detail volg. Moslems kan die Islamitiese Staat verwerp; byna almal doen dit. Om egter voor

te gee dat dit eintlik nie 'n godsdienstige, duisendjarige groep is met 'n teologie wat verstaan moet word om dit te kan bestry nie, het alreeds daartoe gelei dat die Verenigde State dit onderskat en dwase skemas ondersteun om dit teen te werk” (*The Atlantic*, Maart 2015).

Soos hierdie artikel in groot detail en met baie verwysings uitwys, is aanhangers van die Islamitiese Staat absoluut “passievol” oor hulle godsdien!

Wat van u? Hoe passievol is u oor u godsdien?

“O, nee”, kan u sê, “niks van hierdie aard kan ooit hier in ons 'opgevoede' Westerse samelewing gebeur nie”. U mag heeltemal **verkeerd** wees. Die geïnspireerde Woord van die Skepper-God – die Heilige Bybel – maak dit baie duidelik dat daar in die “laaste dae” van hierdie samelewing, 'n baie **kragtige godsdien** op die toneel sal verskyn – ter misleiding “Christelikheid” genoem. Dit sal daarop aanspraak maak dat dit Jesus Christus verteenwoordig en dit sal groot gedeeltes van hierdie wêreld oorneem – die aanbiddingsplekke, die besighede en hoofsaaklik *die hele lewenswyse*. Ja, die meeste van u wat vandag leef, sal lewe om 'n wêreld te sien waarin 'n nominale vorm van Christelikheid tot so 'n mate mag in die Weste sal hê, dat vandag se ISIS militante dit net sal kan beny!

Godsdien kan magtig wees

Of dit nou tot heil of tot teëspoed was, was **godsdien** voorwaar 'n *kragtige mag* in die grootste gedeelte van die menslike geskiedenis. Godsdien het 'n enorme drang in die menslike natuur tot gevolg, om 'n hoër mag te volg en iets te dien wat *groter as hyself* is. Baie beseemse het misbruik gemaak van hulle vermoë om hierdie edele kant van die menslike natuur te verdraai. Inderdaad, die geïnspireerde profesieë van die Bybel toon duidelik dat hierdie wêreld se samelewing gedurende die volgende paar jaar deur 'n “botsing van godsdienste” van kolossale afmetings beïnvloed sal word. Die twee groot wêreldmoondhede, wat elkeen deur 'n ander godsdienstige passie ondersteun word, sal teen die einde van hierdie beskawing 'n tyd van oorlog bereik. Op daardie punt sal die hele wêreld geskok wees wanneer 'n derde mag – die leier van wat na nog “'n ander godsdien” sal lyk – met verstommende mag sal ingryp om die mensdom van selfvernietiging te red.

Ja, dit is alles in u Bybel! *Op hierdie oomblik* lees ons byna daagliks van die verskriklike gruweldade wat deur die “Islamitiese Staat” gepleeg word – gruweldade wat vir die meeste mense byna onverstaanbaar is.

Waarom?

Wanneer u in besonderhede oor die Midde-Ooste lees, waar die meeste mense onder die gesag van Islam is, sal u besef dat miljoene mense hulle hele

lewe lank hoor hoe hulle deur Amerika en sy Europese bondgenote en veral deur die Jode wat hulle so graag wil vervolg, “onderdruk” is. Dit is inderdaad waar dat die Arabiese nasies in die verlede deur Europese magte verower is. Hulle nasionale grense is om politieke redes verskuif en hulle voel hulle is deur vervolging verkleineer en geviktimizeer. In hulle eie dorpe en gehuggies, in arm landelike gebiede en in hulle stede, het baie mense absoluut uitgesien na 'n soort wraak.

Talle Arabiese Moslems is deur hulle imams en ander leiers 'n ideologie gevoer wat te kenne gee dat 'n komende “Mahdi” of super-godsdienstig-politieke leier aan die einde van hierdie tydperk sal kom om hulle van verdrukking te verlos en hulle weer op hulleself trots te maak. *Op hierdie tydstip* verewig en oordryf baie mense in die groep wat hulleself die Islamitiese Staat noem, hierdie konsepte en idees en probeer hulle om 'n “Kalifaat” tot stand te bring. Dit is 'n volskaalse Islamitiese ryk waardeur ondersteuners kan saamstaan om die boeie wat deur die Europese en Amerikaanse volke aangebring is los te maak. Die Arabiese massas is duidelik omgekrap en ekstremitiese godsdiensteleiers hits hulle begeerte vir wraak toenemend aan deur ou Moslemprofesieë aan te wend as 'n manier om “hulle te wreek” en hulle in staat te stel om “weer hulle koppe hoog te hou”.

Let op na die geïnspireerde profesie in Daniël 11. In hierdie

profesie beskryf die Skepper-God 'n finale herlewing van die ou Romeinse Ryk in Europa – natuurlik ooglopend **noord** van die Arabiese state. Die agtergrond word duidelik beskryf as in die “tyd van die einde”, die laaste jare van hierdie wêreld se huidige beskawing (vers 40). Op hierdie punt sal die “koning van die Suide” – 'n magtige leier van Arabiese nasies – 'n magtige leier van die finale herrese Romeinse Ryk **aanval** (of soos sommige geleerdes dit vertaal, hom “uitdaag”). Met wapens wat tegnologieë meer gevorderd is sal die komende leier van hierdie Europese moondeid – wat as die “Dier” in Bybelse profesie bekend staan – “soos 'n warrelwind” toeslaan om hierdie Moslemmag te oorweldig. Op daardie punt sal die Dier en sy leërs die “Pragtige Land” betree en groot dele van die Midde-Ooste oorneem.

Daniël se profesie toon duidelik aan: “... ook Egipteland sal nie vrykom nie” (vers 42). Hier toon die Skrif egter ook die aankoms aan van 'n groot leër uit die Ooste, wat kom om teen die Dier te veg en hom te keer om die hele wêreld oor te neem (vers 44).

Op hierdie punt sal die mensdom op die rand van selfvernietiging wees, algehele uitwissing van homself. U Bybel toon dat slegs dan sal die finale en grootste “Godsdienstige Leier” van alle tye ingryp en heeltemal 'n **einde** maak aan hierdie menslike oorloë. Daardie Leier? Sy naam is Jesus Christus!

Wie is hierdie “koning van die Noorde”?

Baie godsdiensteleerdes en studente van profesie verstaan dat die “koning van die Noorde” wat hier beskryf word, 'n toekomstige “Hitler” is, wat in u Bybel as die “Dier” beskryf word. In die relatief nabye toekoms, sal hy in beheer van die wêreld se *belangrikste supermoondeid* wees, wat oor die grootste militêre en industriële mag sal beskik wat die wêreld nog ooit gesien het.

Wie is hy? Indien u noukeurig en onbevooroordeeld die Bybel bestudeer, sal u maklik aan uself kan bewys dat hierdie komende “Dier” eintlik die leier van die herrese Romeinse Ryk is. U Bybel sê: “Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf. En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier” (Openbaring 17:9-13).

Selfs nou gee baie Europese nasies hulle mag vreedsaam aan een van die voorste nasies van Europa oor. Uiteindelik sal die laaste leier van hierdie stelsel, wat in u Bybel bekend

staan as die “Dier”, *tien konings* of koninkryke hê wat met hom verenig sal wees en hy sal mag hê wat ver buite daardie koninkryke sal strek. Johannes sê aan ons “... omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid” (Openbaring 18:3). Christene moet nie voor die versoekings swig nie. Johannes is geïnspireer om ons te waarsku: “En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (vers 4).

Die heersers oor hierdie massiewe militêre-industriële kompleks, wat deur hulle **godsdiensteleiers** gelei sal word, sal so arrogant word dat hulle letterlik teen Jesus Christus sal veg wanneer Hy terugkeer as Koning van die konings. “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou. En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale” (Openbaring 17:14-15).

Die valse kerk of “hoer” wat in vers 15 beskryf word, sit met **godsdienstige mag** oor 'n menigte nasies en tale! Onthou, hierdie stelsel word genoem “'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande

onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls” (Openbaring 18:2).

Wanneer u daaraan dink dat dit 'n **werklikheid** is wat kom, is dit **absoluut verstommend**. Aangesien die mag van godsdiens wat misbruik word so groot is, dat *honderde miljoene* mense mislei sal word om 'n godsdienstige mag te volg – 'n “vrou” wat op die toekomstige Dier sal ry, simbolies van haar beherende rol (Openbaring 17:3-7). Sy sal die oorsaak wees dat daar teen Jesus Christus Self **geveg** word wanneer Hy weer kom om oor die wêreld te regeer (Openbaring 17:14)!

Soos die meeste van u wat lank reeds intekenaars van die *Wêreld van Môre*-tydskrif is reeds weet, is hierdie tekens heeltemal bewysbaar uit die duidelike verse in die Bybel. Vir dié van u wat dalk meer onlangse intekenaars van hierdie tydskrif is en graag wil *verstaan* en hierdie noodsaaklike waarhede wil **bewys**, skakel ons asseblief onmiddellik of skryf aan ons vir u **gratis** eksemplare van ons insiggewende boekies oor hierdie onderwerp: *Die Dier van Openbaring* en *Die Midde-Ooste in Profesie*. Lees en **bestudeer** asseblief die kragtige inligting in hierdie boekies saam met u eie Bybel *vir u eie beswil!*

Die finale “godsdienstige oorlog”

Die Skrif openbaar dat 'n **finale oorlog** soos wat die wêreld nog nooit gesien het nie

sal plaasvind na die verskriklike ontwrigting en traumas wat deur die “koning van die Suide veroorsaak sal word” en ook sy uiteindelijke nederlaag teen die “koning van die Noorde”. Terwyl die Europees-geleide leër-afdelings van die Dier saamdrom om teen die 200 miljoen soldate, wat uit die Ooste afkomstig is, te veg, sal die Almagtige God ingryp om die komende *wêreldvernietiging* wat andersins sou plaasvind te **stop**. Ja, Christus Self sal terugkeer en ingryp om *algehele uitwissing* van die mensdom te voorkom! Hy sal die nasies van die aarde laat “optrek na die dal van Jósafat” (Joël 3:12). Daar sal Hy deur Sy algehele mag, die hoogtepunt van die geprofeeteerde “dag van die HERE in die dal van beslissing” tot stand bring (vers 14). “Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in” (vers 15), “En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel” (vers 16).

Wanneer 'n enorme aardbewing letterlik die hele aarde **skud**, sal Christus in Sy algehele mag terugkeer om Sy Koninkryk, Sy Regering, op hierdie aarde te vestig: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Christus sal

nie net terugkeer as die *Koning van die konings* nie, maar ook as die “Here van die here”. Hy sal weer kom as Hoëpriester van die een **ware godsdiens**: “... dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Miga 4:1-2). “Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, maar óns sal wandel in die Naam van die HERE onse God vir ewig en altoos” (vers 5).

“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:3-4).

Anders as in ons huidige tyd, waar godsdienstige militantes moor en vermink in die naam van Islam en ander gelowe, sal die Koninkryk van God op hierdie aarde 'n tyd inlei wanneer mense **nie eers sal leer** van oorlogvoering en moord of om mekaar te vernietig nie. Hulle sal **God se weg** geleer word.

Ja, geloof is inderdaad 'n magtige dryfkrag. Aan die einde sal die **ware godsdiens** so 'n vreugdevolle utopia van liefde, vreugde en **vrede** tot stand

bring, soos wat die geskiedenis van hierdie wêreld nog nooit beleef het nie! Laat **niemand** u ooit vertel dat godsdiens nie meer belangrik is nie. Dit gaan **die** belangrikste dryfkrag en motiveerder wees vir die finale gebeure in hierdie wêreld se geskiedenis en dit sal die uiteindelijke positiewe dryfkrag wees in die eeu wat kom! Moet dus nie die krag van godsdiens onderskat nie. Dit het alles te doen met u **werklike** toekoms wat reeds begin het met hierdie gevegte tussen die Europeërs en die Arabiese nasies en sal uiteindelik al die nasies oor die hele aarde beïnvloed.

Ware godsdiens en u!

Wanneer al die ontsagwekkende dinge wat ek beskryf het begin om *rondom ons* plaas te vind, verstaan dan asseblief dat indien u aan die verskriklike onrus wil ontsnap, dit absoluut **noodsaaklik** is dat u die *ware godsdiens* wat regdeur u Bybel verkondig word leer en toepas! Dit word duidelik uitgebeeld dat Satan die duiwel *al die nasies* van hierdie wêreld mislei (Openbaring 12:9). Jesus Christus onderrig herhaaldelik: "... onderhou die gebooie" (Mattheüs 19:17). Die *weg van God* beteken dat Geesgevolle Christene die inwonende Gees sal gebruik om hulle in staat te

stel om die gebooie te onderhou.

Christus het selfs gesê dat diegene wat aan andere die "minste" van die gebooie onderrig en dit toepas, baie geseënd sal wees. Ongelukkig kom die meeste mense wat hulleself Christus se volgelinge noem, deesdae met allerhande argumente te voorskyn deur te sê dat mens **nie** aan God se gebooie gehoorsaam hoef te wees om 'n ware Christen te wees nie! U weet immers van beter! Soos u self in die Bybel kan lees, word die ware geloof in Christus herhaaldelik uitgebeeld as gebaseer op **God se weg** – die Weg waarvolgens almal die Tien Gebooie as 'n lewenswyse onderhou – wat vrede bring aan almal wat dit onderhou. Soos God se Woord in Openbaring 14:12 sê: "Hier kom die lydzaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar".

Ja, die **ware godsdiens** wat deur Christus en Sy Apostels in die Nuwe Testament beskryf word, is werklik magtig en dit behels verseker die onderhouding van die gebooie, wat moontlik gemaak word deur die gawe van die Heilige Gees. Moet asseblief **nie** toelaat dat vroomklinkende predikers u mislei om iets anders te glo nie. Hou asseblief aan om hierdie

tydskrif te *lees* en te *bestudeer*, asook die kragtige boekies wat ons *absoluut gratis* aan u stuur om u te help om die weg van God te verstaan en om u voor te berei om die "konings en priesters" te wees wat Christus sal bystaan om op hierdie aarde te **heers**, **nie** bo in die hemel nie, maar in die toekomstige Koninkryk of Regering van God (Openbaring 5:9-10).

Sonder twyfel sal sommige van u wat hier lees vriende hê wat hulle kerk, moontlik selfs hulle hele godsdiens, gekies het op grond van hoe "gerieflik" dit is om na die erediens te ry of selfs te loop, of watter kerk die aktiefste jeugprogram, of die beste koorleier het, of die "gaafste" mense het. U, as 'n opregte en ywerige Bybelstudent, behoort egter van beter te weet! U behoort aan uself te bewys wie die volle Waarheid van die Bybel verkondig! Mag God u help om al hierdie dinge na te gaan en: "Beproof alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Mag God **u** help om te beseef hoe belangrik die **krag** van die ware godsdiens is en hoe dit binnekort hierdie *hele wêreld*, so ook u eie persoonlike lewe, indien u dit sal toelaat, met die "regte kant na bo" sal draai! **W&M**

Wat is 'n ware Christen?

Daar is meer as 400 sektes en godsdienstige organisasies wat hulle self "Christelik" noem! Tog het hulle almal basiese verskille.

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Humboldt se nederige moeras

Deur Stuart Wachowics

In die golwende Saskatchewan grasvlakte, sowat 112 km Oos van die stad Saskatoon, is die vriendelike gemeenskap van Humboldt met 'n bevolking van 6,000 geleë. Dit was hier waar 'n merkwaardige wetenskaplike in die laat 1970's en vroeë 1980's, 'n ewe merkwaardige eksperiment uitgevoer het, waarvan die resultaat baie gemeenskappe regoor die wêreld beïnvloed het.

Kleiner gemeenskappe soos Humboldt – of dit nou in Kanada is of op enige ander plek op die planeet – word gedurig met die uitdaging van die veilige wegdoen van rioolwater gekonfronteer. Dit mag dalk nie 'n aangename onderwerp wees om oor na te dink nie, maar die wegdoen van rioolwater speel oral 'n groot rol in plaaslike en provinsiale regerings. Rioolwatersuiwering wat afvalwater skadeloos vir die omgewing maak, is eintlik baie duur. Op baie plekke is die koste so buitensporig hoog dat afvalwater eenvoudig in riviere, mere of die see gestort word.

Dr. G. Lakshman, 'n navorser by die Saskatchewan Research Council in Saskatoon en wat onlangs uit Indië gekom het, was deeglik bewus van die probleem. In 'n reeks studies wat deur die regering van Saskatchewan en *Ducks Unlimited* befonds is, het Lakshman se span met 'n paar verstommende ontdekkings vorendag gekom wat sedertdien

regoor die wêreld toegepas word en wat in 'n groot mate die lewenskwaliteit van baie mense verbeter het.

Die studie, “'n Demonstrasieprojek by Humboldt om tersiêre behandeling te voorsien aan munisipale rioolwater deur gebruik te maak van waterplante”, (Lakshman, G: *Saskatchewan Research Council. Saskatoon: Saskatchewan Research Council, 1983 SRC technical report, no. 151*), verskaf besonderhede oor die merkwaardige kapasiteit van twee baie nederige plante: Die palmiet en die biesie.

Bou aanlegte of kweek plante?

Humboldt het 'n nuwe fasiliteit vir die behandeling van die probleem benodig, maar kon dit nie bekostig nie. Daar is aan Lakshman toestemming gegee om twee baie klein en baie vlak strandmere buite die gemeenskap te ontwikkel. In hulle noukeurig ontwerpte ±20 cm diep slote, het werkers duisende palmiet- of biesieplantjies geplant. Lakshman het geglo dat moerasplante oor die algemeen en palmiet in die besonder, 'n onversadigbare aplyt vir riool het en moontlik die sleutel tot die oplossing vir die behandeling van afvalwater in sulke gebiede kan wees. Hy het geredeneer dat hierdie soort plante gewoonlik aan die onderkant van opvangsgebiede gevind word en

aan die ontvangkant van alle materiaal is wat uiteindelik deur reën en swaartekrag na laer gebiede afgespoel word.

Lakshman se verslag verduidelik dat die kapasiteit van die riet byna 'n wonderwerk is om die skadelike uitwerking van besoedelende stowwe soos nitrate en fosfate te neutraliseer. Enige ander plante absorbeer slegs die voedingstowwe wat hulle nodig het, maar palmiete neem soveel op as wat hulle kan kry. Die verslag van die Navorsingsraad toon aan hoe doeltreffend die riete rioolafval kan verwerk. Dit identifiseer byvoorbeeld die spesiale antibiotiese afskeisels wat deur die palmiet vrygestel word en wat bakterieë, met inbegrip van e-coli en ander kolivorme, kan neutraliseer. Die opname en neutralisasie van gevaarlike chemikalieë is aangeteken. Dit vang giftige stowwe in hulle weefsel vas en maak die gifstowwe oor die algemeen skadeloos. Die verslag verduidelik dat die plante selfs swaar metale soos kwik, fenol, sianied en sink kan verwerk en waterstofsulfied kan afbreek. Daar is selfs waargeneem dat hulle plaagdoders en onkruidodders wat afgespoel het, onskadelik stel.

Die spoed waarteen die plante werk is verstommend. Die klein strandmere kon twaalf maande se riool binne ses maande verwerk. Die werklike

neutraliseringsiklus duur slegs 21 dae, waarna die vrygestelde water vergelyk kan word met die water in 'n paar van die skoonste mere in Saskatchewan.

Daar is ook opgemerk dat met moderne rioolbehandelingsaanlegte daar gewoonlik ook nog die probleem van reuke is maar die Humboldtstudie het getoon dat die rioolwater baie vinnig vry van enige onaangename reuk was. Die meganisme wat daarvoor verantwoordelik is, is nog nie bekend nie. Wanneer ons aan moerasse dink, dink ons dikwels aan muskiete, maar die studie het getoon dat die palmiet ook 'n larwegif deur hulle wortels afskei, wat muskietlarwes vernietig.

Wonderlike vleilande; wonderlike moerasse

As gevolg van hierdie studie het die Saskatchewanse regering begin om voerplekke aan te beveel. Plaasbedrywighede laat vleilande onontwikkeld en palmiete word in uitgrawings, slote en in lae gebiede geplant om sodoende die afloopwater onskadelik te maak. Wat nog meer verbasend is, is dat die riete teen die einde van die groeiseisoen, ten spyte van hulle onaangename dieet, veilig is om ge-oes te word en vir dierevoeding gebruik kan word.

'n Verslag van die *Canadian Water Resources Journal* bevestig die bevindings: "Moerasse dien ook as natuurlike sliksluise deur die slik met ontluikende plantegroei vas te vang, wat die vloei vertraag en

toelaat dat gronddeeltjies uit die vloeistof afsak. Indien dit behou of ontwikkel word, help dit nie net om erosie te bekamp nie, maar ook om die kwaliteit van die water te verbeter. In werklikheid het vleilande hulle eie ingeboude waterbehandelings-'aanlegte' soos palmiete en biesies wat sulke doeltreffende watersuiweringsterreine skep dat studies voorstel dat vleilande ook vir baie landelike gemeenskappe die afvalwater se behandelingsterreine van die toekoms kan wees" (*Wetlands and Water Management*, Januarie 2013).

Die verslag gaan voort en beskryf die uitgebreide navorsing oor die vermoë van hierdie merkwaardige plante om watergehalte te verbeter en verduidelik die spesifieke biologiese prosesse wat algehele vlakke van gifstowwe, mikrobies en ander besmettingsfaktore in die vuilste van besoedelde waterbronne verminder en teken aan hoe hulle dit binne indrukwekkende kort tydperke doen.

In 'n ander Saskatchewan gemeenskap, dié een van Vonda, word 'n soortgelyke projek reeds sedert 1983 bedryf. Die burgemeester, Dan Sembalerus sê: "Die stelsel is moeitewry en het geen veranderings of wysigings nodig nie" (R. Lyseng, "*Are wetlands Mother Nature's outhouse, or do they deserve more respect?*" *The Western Producer*, 8 Januarie 2015).

Ontwerp of verandering?

In ons gejaagde wêreld met sy beheptheid met moderne tegnologie, kyk ons so maklik die ontwerp mis wat reeds in die planeet waarop ons leef ingebou is. Dit is werklik dwaasheid om alles wat bestaan as toeval te verwerp, wanneer dit in werklikheid die werk van 'n Skepper is. Wie se briljantheid weerspieël word in die siklusse wat ons in die natuur aantref. Die hulpmiddels om met gifstowwe en rioolafval klaar te speel is nie oor die hoof gesien toe die wonderbaarlike chemiese verteerders wat ons ken as palmiete en biesies geskape is nie. Hulle werk gratis, doen uitstekende werk en staak nooit. Wanneer ons 'n oomblik tot stilstand kom om oor die aspekte van hoe die aarde funksioneer te besin, dan word dit 'n werklikheid dat daar 'n groot God is wat onmiskenbaar met ongelooflike wysheid die ekosisteme almal liefdevol saamgestel het.

Daar sal binnekort 'n tyd kom wanneer God 'n ware, regverdigde regering op aarde sal vestig om regeer te word deur Sy seun Jesus Christus en die mens sal ingelig word aangaande alle aspekte van hoe die wêreld bestem is om te funksioneer om pragtig en veilig te wees.

Gedurende daardie tyd sal die nederige palmiet en die minder geagte moeras waarin dit groei en werk waardeur word vir die briljante skeppings wat hulle in werklikheid is. **WWM**

Ryke kom en gaan

Deur Richard F. Ames

Nie so lank gelede nie was die Verenigde State van Amerika die onbetwiste wêreldsupermoondheid. Sal die VSA daardie posisie behou of sal dit tot 'n val kom soos so baie ander voor hom, terwyl ander nasies opgang sal maak? Het ons die lesse van die geskiedenis geleer?

Kan enige nasie of koninkryk vir 'n lang ruk staande bly? Vir meer as 200 jaar was die Verenigde State 'n groot moondheid op die wêreldtoneel. In die jare sedert die val van die Sowjet-Unie en in die nadraai van die wêreldwye oorlog teen terreur, het ons die VS gesien agteruit gaan, terwyl ander magtige nasies of alliansies – soos China en die Europese Unie – al hoe meer politieke, ekonomiese en militêre mag uitoefen. Kan die VS vir baie langer 'n leidende nasie bly?

Die wêreldregerende ryke van die verlede bestaan nie meer nie, soos die groot Babiloniese Ryk byvoorbeeld, wat baie nasies oorwin het, met inbegrip van die koninkryk van Juda in die Midde-Ooste. Die geskiedkundige Herodotus het geskryf: “Aanvullend tot sy enorme grootte, het Babilon enige stad in die bekende wêreld in prag oortref” (*The Histories*, Boek Een, artikel 178).

Wat het met daardie magtige ryk gebeur? Babilon se verdorwenheid het gelei tot God se oordeel. Sal God binnekort die Verenigde State oordeel?

Ryke van die verlede en die hede

In die Bybel voorspel die profeet Daniël die opkoms en val

van ander groot ryke. Hy het die opkoms en val van die Romeinse Ryk voorspel. Wat het met die ou Romeinse Ryk gebeur? Daardie magtige ryk het vir meer as 500 jaar op die hakke van die Romeinse Republiek voortbestaan, maar het uiteindelik in 476 n.C. tot 'n val gekom. Die geskiedkundige Edward Gibbon som die oorsake van die val van die ryk só op: “Na 'n noukeurige ondersoek kon ek die vier hoofoorsake onderskei wat verantwoordelik was vir die ondergang van Rome, 'n ryk wat voortbestaan het vir 'n tydperk van meer as 'n duisend jaar. I. Die letsels van die tyd en die natuur. II. Die vyandige aanvalle van die barbare en die Christene. III. Die gebruik en misbruik van middels. IV. Die binnegevegte van die Romeine” (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, Hoofstuk 71).

Moderne ryke het ook gekom en gegaan. In die 20ste eeu het die Duitse “Derde Reich” aanvalle met militêre “blitzkrieg” geloods en sy heerskappy oor groot dele van Europa en Noord-Afrika uitgebrei. Adolf Hitler se ambisies het die verowering van die Sowjet-Unie ingesluit, maar hy het daarin gefaal. Geallieerde magte het die Derde Ryk verslaan. Die Sowjet-Unie, of die Unie van Sowjet Sosialistiese

Republieke, het uit 15 republieke bestaan en van oos na wes oor 17,600 kilometers gestrek. Hierdie groot supermoondheid het hom in sy kommunistiese ideologie verlustig. Hulle het vir die harte van nasies en volke oor die hele wêreld geveg – en uiteindelik het dit misluk.

Nou het daardie eens magtige moondheid in 15 sukkelende nasie-state verbrokkel, met twaalf state wat aan die Gemenebes van Onafhanklike State verbind is. Wie kon die ondergang van so 'n groot supermoondheid voorspel het? U mag dalk verbaas wees om te verneem dat 'n klein groepie Bybelgebaseerde Christene nog altyd verstaan het dat Oos-Europa uiteindelik uit die ystergreep van die Sowjet-Unie sou ontsnap.

Hoe het hulle geweet? Bybelse profesie het die opkoms van 'n ander groot supermoondheid voorspel, wat die Dier in die boek Openbaring genoem word. Meer as 50 jaar gelede het mnr. Herbert W. Armstrong geskryf dat Oos-Duitsland met Wes-Duitsland sou herenig en dat Rusland “gedwing sal word om beheer oor Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en dele van Oostenryk prys te gee” (*Plain Truth*, April 1952, bl. 16).

Kort nadat Rusland in 1956

Hongarye binnegeval het, toe baie “kenners” geglo het dat die “Ystergordyn” vir ewig oor die nasies van Oos-Europa toegesak het, het die *Plain Truth*-tydskrif hierdie ongehooflike stelling gemaak: “Die weg word voorberei vir 'n kolossale derde mag in die wêreldpolitiek – 'n Europese Federasie van Nasies wat sterker sal wees as Rusland of die Verenigde State van Amerika! ... Ons het jare vooruit aangedui wat met Rusland se noodlottige Ryk in Oos-Europa” sal gebeur (*Plain Truth*, Desember 1956, bl. 3).

Sal vandag se Westerse nasies dieselfde patroon van agteruitgang en verval volg as die nasies voor hulle? Sal Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland ondergaan en tot 'n val kom? Sal die Verenigde State steeds meer orkane soos Katrina, aardbewings en ander natuurrampe beleef? Sal ons voortgaan om terroriste-aanvalle te ervaar? Die geskiedenis en die Bybel het herhaaldelik bewys dat wanneer nasies die God van die skepping verwerp, hulle geoordeel sal word. Sal die Westerse wêreld voortgaan met sy verwerping van Bybelse waarheid? Die filosoof Georg Hegel het opgemerk: “Wat ervaring en geskiedenis leer, is dít – dat mense en regerings nog nooit enigiets uit die geskiedenis geleer het, of gehandel het volgens die beginsels wat daaruit afgelei is nie” (*The Philosophy of History*).

Die geskiedenis van die wêreld is die verhaal van nasies

en ryke wat voorspoedig was en later tot stof verander het. Sal ons die lesse uit die geskiedenis leer? Sommige ryke het stadig agteruitgegaan voor hulle ondergang. Ander is vernietig of is skielik gevange geneem. Die groot ryke van die verlede is nou weinig meer as kunswerke in museums, of afgebreekte monumente waar hulle eens floreer het. Brittanje het eens op 'n tyd die wêreld se grootste ryk beheer. Teen 1921 het dit ongeveer 40 miljoen vierkante kilometer beslaan – een-derde van die wêreld se totale oppervlakte – dit het 'n kwart van die wêreld se bevolking bevat. Daar is gesê dat “die son nooit ondergaan oor die Britse Ryk nie”. Na 'n finale oplewing en uitbreiding direk na die Tweede Wêreldoorlog, het 'n proses van “dekolonisasie” begin en teen 1960 het die Britte reeds die lande prysgegee wat vandag bekend staan as Indië, Pakistan, Burma, Sri Lanka, Irak, Ghana, Nigerië, Somalië en groot dele van sub-Sahara Afrika, sowel as die Palestynse Mandaat en dele van Egipte en Soedan. Oor die afgelope 40 jaar het Brittanje die meeste van sy oorsese besittings prysgegee, meer onlangs in 1997, is Hong Kong aan Chinese soewereiniteit teruggegee. Die son het lankal reeds vir die Britse Ryk ondergegaan. Sal die supermoondheid, die Verenigde State, dus 'n soortgelyke agteruitgang in die gesig staar? Elke nasie en elke ryk van die verlede het geval, net soos Griekeland en Rome. Dit is vir u moontlik om te weet watter

nasies of ryke in die 21ste eeu sal opgang maak of val. Bybelse profesie maak die toekoms van die Westerse nasies bekend, indien u weet wat die sleutel is om die moderne afstammeling van die antieke Bybelse nasies te vind.

Is dit 'n verrassing? Onthou, daar is 'n God in die hemel wat besig is om 'n groot plan hier op aarde uit te werk. Hy gee aan rebelse mense duisende jare om met hulle eie mensgemaakte godsdienste, wetenskap, regering, besigheid, onderwys, en sosiale instellings te eksperimenteer. God laat mense toe om met hulle eie wêreldse gang van selfsug, oorlog en geweld aan te gaan, maar Hy het 'n plan en, soos ons uit die geskiedenis en die Skrif sien, gryp Hy wel in wêreldsake in om die mensdom te help om blywende lesse van lewe en dood te leer.

Lesse geleer?

Het ons die lesse van die geskiedenis geleer? Die bekende filosoof George Santayana skryf in sy beroemde verhandeling *Reason in Common Sense*: “Diegene wat nie die verlede kan onthou nie, is gedoem om dit te herhaal”. Sal ons in die Westerse wêreld die lesse van die geskiedenis leer? Of sal ons die voorbeeld van al die groot koninkryke en ryke volg wat voor ons gekom en gegaan het, wat tot by die toppunt van mag en heerskappy geklim het en toe na agteruitgang en vergetelheid gedaal het?

Die Babiloniese koning Béliasar was een groot leier wat

die lesse van die geskiedenis moes leer. Hy het egter op sy eie goddelose leefwyse aangedring en ander mense in losbandigheid ingelei. Sy ryk het die boete daarvoor betaal. Daardie diepgaande les is op die bladsye van die geskiedenis aangeteken, asook in die bladsye van u Bybel. Die profeet Daniël was in die stad Babilon die nag toe die Persiese leër dit verower het. God het deur Daniël vir koning Bêlsasar ingelig wat met hom en sy ryk gaan gebeur. Hierdie verstommende volgorde van gebeure is in hoofstuk 5 van die boek Daniël aangeteken in die bekende verhaal van die "handskrif teen die muur". Koning Bêlsasar het 'n fees, 'n groot partytjie, vir sy edeles voorberei. Hulle het wyn gedrink uit goue voorwerpe wat uit God se tempel in Jerusalem geplunder is. "Op dieselfde oomblik het daar vingers van 'n mens se hand te voorskyn gekom en teenoor die kandelaar op die kalk van die muur van die koninklike paleis geskrywe, en die koning het die deel van die hand gesien wat geskrywe het. Toe het die gelaatskleur van die koning verander, en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewrigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan" (Daniël 5:5-6).

Die koning het Daniël geroep om hierdie woorde te verklaar. Wat het die geheim-sinnige hand geskryf? "En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín. Dit is die uitleg van die woord: Mené—God het u koningskap getel en

daar 'n einde aan maak; tekél—u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; perés—u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee" (Daniël 5:25-28). Dan: "In dieselfde nag is Bêlsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood. En Darius, die Meder, was twee-en-sestig jaar oud toe hy die koningskap ontvang het" (Daniël 5:30; 6:1)

Vandag is die skrif teen die muur vir die Verenigde State en Groot-Brittanje. Die waarskuwingstekens is oral rondom ons, namate ons nasies meer verval en immoreel raak. Daar is egter nog tyd vir ons om ons te bekeer, nasionaal en individueel. Sal ons na God se waarskuwings luister?

In die afgelope paar jaar het die Verenigde State skokkende rampe beleef. Op 11 September 2001 het terroriste met gekaapte vliegtuie teen die Wêreld Handelsentrum in New York en die Pentagon in Washington, DC vasgevlieg. Duisende mense het in hierdie aanvalle gesterf. In September 2005 verwoes Orkaan Katrina die suidelike kus van die Verenigde State van Amerika. Die stad New Orleans is oorstrom. Katrina staan bekend as die ergste natuur-ramp in die VS se geskiedenis.

Hierdie rampe het getoon hoe kwesbaar en hoe onvoorbereid ons is. Kan enige nasie bekostig om honderde miljard dollars aan finansiële verlies te ly? Watter lesse behoort ons uit hierdie rampe te leer? Is hulle slegs 'n deel van die siklus van die geskiedenis en die natuur

wat ons kan verwag? Of, is God besig om kragtig in te gryp om ons uit ons morele en geestelike verval wakker te skud? Indien ons eerlik met onself wil wees, moet ons erken dat ons nasies ver van die God van die Bybel en Sy Seun Jesus Christus afgedwaal het! Wanneer ons in die Westerse wêreld voortgaan om die Tien Gebooe en die Woord van God, die Bybel, te ignoreer, te verag en te verwerp sal ons meer rampe ervaar, totdat ons besef en volgens die besef **handel**, dat dit nodig is om God met ons hele hart te soek! Die profeet Jesaja gee ons hierdie vermaning, bemoediging en belofte: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:6-7).

Ons moet nou tot geestelike aksie oorgaan! Sommige hardekoppe sal natuurlik skepties bly. Diegene wat egter deur Sy Woord na God soek, kan verstaan en gemoedsrus hê.

'n Antieke les

Ons het gesien dat groot ryke nie vir ewig duur nie. Hulle maak opgang, gaan agteruit en kom tot 'n val. Sal die Westerse nasies die lesse van die geskiedenis leer? Koning Bêlsasar het die lesse wat hy kon geleer het van sy voorvader, koning Nebukadnésar, wat oor die Babiloniese ryk regeer het,

geïgnoreer. Daniël herinner Bêlsasar aan die lesse wat hy van hierdie vorige koning moes leer: “Wat u betref, o koning, die allerhoogste God het aan u vader Nebukadnêsar die koningskap en grootheid en heerlikheid en majesteit gegee. En vanweë die grootheid wat Hy hom gegee het, het al die volke, nasies en tale gebewe en vir hom gesidder; wie hy wou, het hy gedood, en wie hy wou, het hy laat lewe, en wie hy wou, het hy verhoog, en wie hy wou, het hy verneder. Maar net toe sy hart hom verhef het en sy gees verhard is om oormoedig te wees, is hy van die troon van sy koningskap afgestoot, en die heerlikheid is hom ontnem. En hy is uit die mense verstoot, en sy hart het soos dié van die diere geword, en hy het saam met die wilde-esels gewoon; hulle het hom plante laat eet soos die beeste, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak totdat hy erken het dat die allerhoogste God mag het oor die koningskap van die mens en daarvoor kan aanstel wie Hy wil” (Daniël 5:18-21).

Nebukadnêsar het 'n belangrike les geleer. Hy het probeer regeer sonder om God te erken en hy het baie erg as gevolg daarvan gely! Moet ons ook lesse op die harde manier leer, of sal ons aandag gee aan God en Sy Woord, die Bybel?

Nadat Nebukadnêsar 'n droom gehad het wat nie een van sy raadgewers aan hom kon openbaar nie, het die profeet Daniël nie slegs aan die koning vertel wat hy gedroom het nie,

maar hy het ook die uitleg gegee: “U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei” (Daniël 2:31-33).

Die profeet Daniël het aan die koning die droom se uitleg gegee. “U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het – ú is die hoof van goud” (verse 37-38).

Hier openbaar God die mag en gesag wat Hy, die Skepper van die heelal, aan die “hoof van goud”, Nebukadnêsar en sy koninkryk gee. Die droom voorspel egter die einde van Nebukadnêsar se koninkryk en die vestiging van ander na hom: “En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers; en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis” (verse 39-40).

Watter ryke is in hierdie droom beskryf? Betroubare Bybelgeleerdes stem vandag saam oor hulle identiteite en die vervulling daarvan. Die hoof van goud verteenwoordig die Babiloniese Ryk van 625 v.C. tot 539 v.C. Hierdie ryk is vervang deur die Medo-Persiese Ryk van 558 v.C. tot 330 v.C., wat die bors en arms van silwer verteenwoordig. Die maag en dye van koper dui die Grieks-Macedoniese Ryk van Alexander die Grote van 333 v.C. tot 31 v.C. aan. Die twee bene van yster dui op die Romeinse Ryk van 31 v.C. tot 476 n.C. Ten slotte, die tien tone aan die twee voete, van yster wat met kleigrond gemeng is, verteenwoordig 'n toekomstige herlewing van die Romeinse Ryk.

Die droom openbaar een laaste belangrike detail. Die vier wêreldse koninkryke wat in Nebukadnêsar se droom verteenwoordig is sal almal tot 'n val kom. Hulle sal deur 'n vyfde Koninkryk vervang word, die toekomstige Koninkryk van God.

“U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het” (verse

34-35).

Wat is die rots wat die beeld getref het? Daniël het die betekenis as volg beskryf: “Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (vers 44).

Ja, die Koninkryk van God sal binnekort op hierdie aarde gevestig word! Alleenlik God kan aan ons blywende vrede bring.

Sal ons ons bekeer?

Dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld was dit uiters seldsaam om enige samelewing te vind wat sou afwyk van hulle bouse weë. Ninevé, die hoofstad van antieke Assirië, langs die Tigrisrivier, was een van die min samelewings en het werklik God se oordeel vertraag. Die profeet Jona het met God se waarskuwing na die inwoners van Ninevé gegaan: “En Jona het begin met een dagreis ver die stad in te gaan en het gepreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes” (Jona 3:4). Hoe het die Nineviete gereageer? Het hulle God se profeet Jona geignoreer? Nee! “En die manne van Ninevé het God geglo en 'n vasdag uitgeroep, en groot en klein het hulle met rougewaad beklee. En toe die

berig die koning van Ninevé bereik, het hy opgestaan van sy troon en sy mantel afgehaal en in rougewaad gehuld in die as gaan sit” (verse 5-6). Kan u uself indink dat enige wêreldleier vandag homself op hierdie manier voor God sal verootmoedig?

Die Assiriërs het op Jona se waarskuwing gereageer. Hulle het hulle van hulle bouse weë bekeer en God het hulle gespaar. Dit het in die agtste eeu v.C. gebeur. God het Ninevé vir baie jare lank gespaar en die nasie selfs gebruik om antieke Israel te straf en sy mense in ballingskap weg te neem. Nadat Assirië die “Noordelike koninkryk”, Israel, gevange geneem het, het daardie koninkryk verlore geraak in die geskiedenis en sy mense staan bekend as die “verlore tien stamme”.

Die profeet Jesaja teken aan waarom God Assirië gebruik het om Israel te straf. Jesaja haal God aan wanneer Hy sê: “Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate. Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie” (Jesaja 10:5-7).

God het die koninkryk van

Israel gewaarsku om hulle te bekeer, maar sy mense het geweier om te hervorm. Dus het die Assiriërs die tien stamme van die huis van Israel verower en die gevangenes ver na die ooste in Assirië verskuif. Israel se finale ballingskap het in ongeveer 721 v.C. plaasgevind.

Assirië het egter uiteindelik na sy wêreldse weë teruggekeer en in 612 v.C. het God die Meders toegelaat om Ninevé te verwoes.

God het ook Sy waarskuwings aan die koninkryk van Juda gestuur, maar daardie nasie het in hulle sonde volhard. Dus het God die koninkryk van Babel onder koning Nebukadnésar gebruik om die huis van Juda te straf. Die meerderheid Jode is oor 'n tydperk van twee dekades na Babel gedeporteer wat geëindig het met die vernietiging van Jerusalem in 586 v.C. As jong man is Daniël en drie van sy vriende gevange geneem en in die kultuur en literatuur van Babel opgelei. Daardie jong mans het volhard in die goddelike waardes wat hulle in Juda geleer het en God was in staat om Daniël te gebruik om Nebukadnésar se droom uit te lê en om die goeie nuus te gee van 'n groot Koninkryk wat kom en wat vir ewig sal staan!

Ja, die Koninkryk van God sal vir ewig bly staan! U kan daarop reken! Dit is die goeie nuus waarna ons in hierdie tydskrif streef en wat ons met u wil deel! Selfs al sou u nasie nie na God se Woord luister nie, sal

Kunsmatige intelligensie: Belofte of euwel?

Deur Wallace G. Smith

Sal die wetenskap 'n manier vind om menslike intelligensie uit te skakel en dit selfs deur meganiese metodes te oortref, wat tot toenemende welvaart en gemak sal lei? Of sal wetenskaplike vooruitgang vinnig tot menslike ondergang lei?

Tydens die skepping van Adam en Eva, die eerste twee mense, het God hulle met groot potensiaal geskape. Anders as al die ander wesens van die wêreld, het Hy slegs *mense* na Sy eie beeld gemaak (Genesis 1:26-27) en aan hulle die gawes van ongelooflike talente, vermoëns, intelligensie en kreatiwiteit gegee.

Ongelukkig het Adam en Eva in die tuin van Eden gekies om teen hulle Skepper te rebelleer. Hulle het gekies om van die verbode Boom van Kennis van Goed en Kwaad te eet. Deur dit te doen, het hulle gekies om self te besluit wat reg en wat verkeerd is.

Sedertdien het elke mens in hulle voetspore gevolg en die menslike ervaring is presies net dit: 'n Samevoeging van reg en verkeerd, goed en kwaad. Met skynbaar elke ontdekking of tegnologiese uitvindsel, het mense hulle Godgegewe intelligensie gebruik om maniere te vind om dit ten goede *en* ten kwade toe te pas – om te help *en* om skade te berokken.

Hierdie paradoks van die menslike intelligensie geld selfs wanneer mense daarna streef om intelligensie self te verstaan. Namate die menslike intelligen-

sie homself tot die skepping van kunsmatige intelligensie wend (dikwels as afkorting slegs “KI” genoem), wat kan ons verwag in een van die mees gevorderde en ambisieuse navorsingsvelde wat die mens nog ooit nagestreef het? Kan ons na millennia van vrede en voorspoed uitsien onder die wakende oog van goedgunstige en wyse superintelligente rekenaars? Of sal ons voortgaan om die patroon van die laaste paar duisend jaar te herhaal, om 'n bouse gebruik te vind om by elke goeie een te pas? U mag verbaas wees om te verneem dat u Bybel die antwoord hierop openbaar!

“Denkende” masjiene

In die vroeë- en middeljare van die 20ste eeu, toe die mensdom vordering gemaak het in die splinternuwe gebied van rekenaarwetenskap, het navorsers begin wonder of hulle 'n masjien kan skep met 'n intelligensie soortgelyk aan die mens, 'n meganiese brein om met biologiese breinkrag te wedywer of dit selfs te oortref.

Vroeë werk op hierdie gebied was belowend en rekenaars het spoedig skaak en dambord teen menslike teenstanders gespeel. Die suksesse was egter van korte

duur. Wetenskaplikes het toe bevind dat eenvoudige patroonvergelings soos in 'n spel van *tic-tac-toe* of skaak, die geheime van die menslike intelligensie en denkprosesse veels te ingewikkeld is om direk in 'n rekenaarprogram na te boots. Die poging om menslike intelligensie te **dupliseer** – deur 'n rekenaar te bou wat die unieke menslike gees wat die mensdom onderskei van die dierewêreld, na te boots (Job 32:8) – het bewys dat dit baie meer kompleks is as wat aanvanklik vermoed is.

In die 21ste eeu was daar 'n herlewing in die koninkryk van kunsmatige intelligensie, selfs nadat navorsers moed opgegee het om menslike intelligensie en die benadering tot probleemoplossing te probeer naboots as 'n middel tot die bereiking van kunsmatige intelligensie. In plaas daarvan benut hulle die krag van dataverwerking en statistiese waarskynlikhede. Die gevolg is die skepping van masjiene wat nie net groot hoeveelhede data kan inneem nie, maar wat ook uit die data kan *leer* en afleidings kan maak tussen stukkies inligting deur patrone en verwantskappe van oorsaak en gevolg te vind.

Die gevolg is dat, hoewel

masjiene nog nie die werklike menslike denkprosesse kan herhaal nie, hulle op hulle eie maniere, baie “intelligente” resultate kan voortbring. Dit het tot so 'n wye verskeidenheid van tegniese en kommersiële vooruitgang gelei dat, indien u in die ontwikkelde wêreld leef, KI waarskynlik nie net 'n abstrakte konsep is wat ver van u verwyderd is nie. Wanneer u u e-pos lees of u motor se navigasie-stelsel gebruik, of die filter van u yskas vervang, of op so baie ander maniere, is KI waarskynlik reeds deel van u daaglikse lewe!

Kunsmatige intelligensie: Byna onvermybaar

Neem in aanmerking dat wanneer u u e-pos nagaan, u inkomende posbus waarskynlik reeds teen 70% van “spam” e-posse beskerm word – gemorspos waarvoor ons nie gevra het nie, deur kunsmatig-intelligente programme wat inkomende e-posse sorteer en die gemorspos uitgooi.

Indien u 'n “slimfoon” het, het u waarskynlik toegang tot 'n toepassing wat die weer aandui en 'n spraak koppelvlak wat slegs 'n paar jaar gelede ondenkbaar was. Vra: “Hoe sal die weer môre wees?” en Apple se Siri of Microsoft se Cortana sal 'n hoorbare antwoord gee: “Dit lyk nie so goed vir môre nie. Daal tot 7°C, met reën”.

Robotte is nie meer vir wetenskaplike fiksierolprente gereserveer nie; hulle is binne in die huis. Die Amerikaanse firma, *iRobot*, het meer as 10 miljoen robotte vir persoonlike gebruik

verkoop, met inbegrip van die gewilde “Roomba” wat baie basiese gerekenariseerde algoritmiese intelligensie gebruik om u huis se vloer te stofsuig.

Indien u 'n GPS vir navigasie in u motor gebruik het, 'n boek gekoop het op aanbeveling van 'n ondernemer soos Amazon of Barnes & Noble, of na 'n rolprent gekyk het wat deur 'n webwerf soos Netflix of Hulu aanbeveel is, het u met kunsmatige intelligensie interaksie gehad!

Red lewens en los moorde op

Baie televisiekykers is in Januarie 2011 aan KI bekend gestel toe 'n IBM-rekenaar met die naam “Watson” op die gewilde kennis-gebaseerde spel-uitsending *Jeopardy* meegeding het! Die rekenaar het twee teenstanders 'n nederlaag toegedien wat hulleself onder die heel kundigste menslike kampioene van die skouspel onderskei het. Ten spyte van die rykdom van menslike kennis waarteen dit meegeding het, het Watson 'n buitengewone vermoë getoon om te verstaan en vrae wat gevra is in 'n duidelike menslike taal te antwoord, meer as wat die meeste kykers nog ooit in 'n rekenaar gesien het.

Watson se skeppers het egter hoër verwagtings vir die tegnologie gehad. Die KI wat die skouspel gewen het, word nou gebruik om suksesvolle diagnoses van pasiënte in hospitale te maak. Die *Forbes*-tydskrif het in 2013 berig dat verpleegsters

wat Watson as 'n hulpbron gebruik het, nou 90% van die tyd die KI-program se raad volg.

Watson is nie alleen in die veld van die lewensreddende kunsmatige intelligensie nie. Navorsers by die Universiteit van Stanford het 'n KI-stelsel ontwikkel wat binne ure na die geboorte van 'n vroeggebore baba die kind se risiko kan bepaal om lewensbedreigende komplikasies te ontwikkel. Aan die Universiteit van Tokio is navorsers besig om KI-stelsels te ontwikkel om subtiele leidrade in swimmers se liggaamsbewegings te identifiseer en lewensredders te waarsku wanneer selfs net een swemmer in 'n groot skare besig is om te verdrink.

KI-stelsels word selfs gebruik om moorde op te los. In Nederland is 'n kunsmatige intelligensiestelsel genaamd *Bonaparte* gebruik deur DNA-bewyse en familiële verbindings uit te pluig om 'n 13-jaar-oue moordsaak op te los en die moordenaar te identifiseer. Hy het later gebieg dat hy die misdaad gepleeg het.

Ons raak inderdaad toenemend deur kunsmatige intelligensiestelsels omring wat 'n groter invloed het op sekere gebiede van ons lewens en wat agter die skerms vir ons en oor ons besluite neem.

Kan KI beheer word?

Die groeiende rol van KI maak baie mense bekommerd. Soos Douglas Hemel in 'n *New Scientist*-artikel gevra het: “Die gevaar is dat ons ophou om vrae

te vra. Kan ons so gewoon raak daaraan dat keuses vir ons gemaak word dat ons ophou om self waar te neem? Die risiko raak hoër nou dat intelligente masjiene begin om onrealistiese besluite te neem oor verband-aansoeke, mediese diagnoses en selfs of u aan 'n misdaad skuldig is" (*Not like us: Artificial minds we can't understand*, Augustus 2013).

Navorsers vra toenemend hierdie vrae, gebaseer op die besef dat moderne kunsmatige intelligensie, in teenstelling met *menslike* intelligensie, staat maak op die verwerking en vergelyking van groot hoeveelhede data in volumes wat geen mens ooit sal kan inneem nie. Dus, indien KI 'n onskuldige persoon verkeerdelik as die oortreder van 'n misdaad sou identifiseer, sou 'n mens self kon begin om die kapasiteit van die swak plek in die kunsmatige "redenasie" te vind? In 'n wêreld waar kunsmatige intelligensie gebruik word om toenemend komplekse besluite te neem, is dit 'n belangrike vraag. Dit word inderdaad 'n saak van lewe en dood – potensieel op 'n wêreldwye skaal.

Kunsmatige intelligensie word byvoorbeeld toenemend as 'n noodsaaklike bestanddeel op die slagvelde van oorlog beskou. Baie van die vloot se oorlogskepe beskik reeds oor die *Phalanx CIWS (Close-In Weapon Systems)* wat outomaties dreigende teikens identifiseer en *aanval* – dinge soos vyandige sweeftuie of missiele – gebaseer op kuns-

matige intelligente programmering. Net so word onbemande vliegtuie met outonome besluitnemingsvermoëns geprogrammeer en al hoe verder verwyder van die betrokkenheid van 'n menslike kontroleerder.

Sommige mense glo dat self-beheerde, kunsmatig-intelligente robot wapensstelsels, wat geprogrammeer is om vyandige vegters outomaties dood te maak sonder om eers toestemming van 'n mens te kry, eintlik lewens sal red, menslike soldate van die gevegsfront sal onttrek en met meer-as-menslike akkuraatheid sal werk. Soos 'n voormalige lid van die Israëliese weermag geargumenteer het: "Indien die doel van die internasionale humanitêre wet is om nie-vegtende lyding in die oorlog te verminder, dan sou skerpskutter-robotte meer as geskik wees, dit sou 'n morele noodsaaklikheid wees ... Gevegsfront-robotte mag nog 'n groot voordeel vir die internasionale humanitêre wet inhou" (Erik Schechter, *Wall Street Journal*, 10 Julie 2014).

Soos *The Economist* voorgestel het: "Gegewe die geneigdheid tot menslike foute in sulke omstandighede, kan 'n gemeganiseerde gekreun beter opdragte wees as dié van vleesen-bloed beampptes. Die dag van die mens, of eerder van die robotte, se weermag, mag dan binnekort op hande wees" (*No command, and control*, 25 November 2010).

'n "KI-apokalips"?

Ander mense sien nietemin

meer rede tot kommer as belofte. Die internasionale organisasie "*Campaign to Stop Killer Robots*" – wat net 'n paar jaar gelede komies en belaglik sou klink – probeer reeds sedert vroeg 2013 om "dodelike outonome wapensstelsels" verban te kry, voordat dit algemeen aanvaar en in gebruik geneem word. Soos die organisasie op sy webwerf verklaar: "Om aan masjiene die mag te gee om te besluit wie op die slagveld leef en wie sterf is 'n onaanvaarbare toepassing van tegnologie. Menslike beheer oor enige vegtende robot is noodsaaklik om beide humanitêre beskerming en effektiewe wetlike beheer te verseker".

Selfs die bekende fisikus Stephen Hawking het sy gewig by die debat ingegooi. Hy het in Desember 2014 aan 'n Britse Uitsaaikorporasie onderhoudvoerder gesê: "Die ontwikkeling van 'n volledige kunsmatige intelligensie kan die einde van die menslike ras beteken. Dit sal self aan die gang kom en dit teen 'n gedurig toenemende tempo herontwerp ... Mense wat deur stadige biologiese evolusie beperk word, kan nie meeding nie en sal vervang word" (2 Desember 2014).

Die Universiteit van Oxford se *Global Challenges Foundation* het die bedreiging so ernstig beskou dat kunsmatige intelligensie in sy Februarie 2015 verslag die hoofopskrif gehaal het: *12 Risks that Threaten Human Civilization*. Die Stigting teken aan dat die opkoms van "super-intelligente"

KI-stelsels die ineenstorting van ekonomieë of beskawings tot gevolg kan hê en selfs die uitwissing van die mensdom kan meebring.

Sal die mensdom dus afdaal na 'n nagmerrie-scenario waar ons spesies uitgewis en deur super-intelligente, meganiese skeppings van ons *eie* ontwerp vervang sal word? Is ons gedoem tot ondergang in die hande van robot heersers?

Geprofeteerde vernietiging

Die bondige antwoord volgens die Skrif is: “*Nee!*” – daar sal geen “kunsmatige intelligensie apokalips” wees nie. Moenie verkeerd verstaan nie. Wanneer dit by die beëindiging van die wêreld kom, is doodgewone *menslike* intelligensie *meer as genoeg!* Bybelse profesieë verduidelik dat die menslike ras homself tot op die *randjie* van self-vernietiging *sal* bring.

Soos Jesus Christus dit baie duidelik maak in Sy profetiese leerstellings oor ons toekoms: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou *geen* vlees gered word nie” (Mattheüs 24:21-22). Met ander woorde, die mensdom sal so gewelddadig raak in dae, selfsugtig in doelstellings en mislei word in ydelheid, dat dit ons tot op die *randjie* van algehele en uiterste *vernietiging* sal lei, letterlik die vernietiging

van alle lewe op aarde! Slegs die koms van Jesus Christus as Koning van die konings en Here van die here sal die mensdom se kosmiese *selfmoord* verhoed!

Nee, die Bybel voorspel *nie* 'n oorlog van mens-versus-masjien nie, die soort “wetenskapfiksie” konflik wat deur films soos die *Terminator* of *Matrix*-reeks gewild gemaak is nie. Die mensdom sal eerder probeer om *homself* uitmekaar te skeur, namate wêreldmagte gewelddadige oorheersing oor mekaar nastreef en onafhanklikheid van hulle eie Skepper wat “onregverdig” van hulle 'n lewenswyse van liefde, vergifnis en uitgaande besorgdheid teenoor mekaar eis.

Interessant genoeg beskryf die Skrif *wel* in profetiese taal die verskriklike en vernietigende wapens wat mense teen mekaar sal gebruik. Dit is maklik om 'n beeld van die kunsmatig intelligente oorlogsmasjiene wat *vandag* ontwikkel word te vorm, as deel van daardie verskriklike werktuie wat in die toekoms gebruik sal word. Let byvoorbeeld op na die apostel Johannes se beskrywing van 'n leër vanuit die ooste wat uit 200 *miljoen* soldate bestaan, met inbegrip van geheimsinnige “perde” en “ruiters” wat as fantasties beskryf word en wat “vuur, rook en swawel” uitspoeg (Openbaring 9:15-18). Vroeër in die hoofstuk word iets soortgelyk aan “sprinkane ... soos perde wat vir die oorlog toegerus is” genoem, met yster bors-harnasse en harde vlerke wat

klink soos baie strydwaens in die ore van die apostel Johannes wanneer hy die visioen sien (verse 7-9).

Johannes het geskryf wat hy in 'n gesig gesien het, sonder die taal of eerste-eeuse verwysing om die tegnologie wat hy 20 eeue in die toekoms gesien het, te kan beskryf. Sy dramatiese beskrywings wat haarfyn vertel van die werktuie van dood en verwoesting van strydende leërs wat op mekaar losgelaat sal word, kan maklik beelde oproep van die kragtige, kunsmatig intelligente moordstelsels wat die mens ontwikkel namate ons die einde van hierdie tydperk nader.

Nee, ons kan nie KI presies op die eindtydse slagvelde plaas slegs deur middel van Johannes se kleurvolle simbole en beelde nie. 'n Spesifieke waarheid van die geskiedenis is egter moeilik om te ignoreer: Telkens wanneer mense wapens ontwikkel het, was dit net 'n kwessie van tyd voordat hulle dit *gebruik* het. Alhoewel die mens met wonderlike intelligensie en kreatiwiteit ontwerp is, soortgelyk aan hulle Skepper, het hulle nie die wysheid of liefde van hulle Skepper ontwikkel nie. Hulle kies eerder om hulle eie weg te baan. Deurdat hulle die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad gekies het, beteken dit dat *hulle self* wil besluit wat verkeerd is en wat reg is, sonder die leiding van 'n barmhartige en liefdevolle God.

Gevolglik, terwyl die mensdom sy intelligensie

Te veel van 'n goeie ding?

Deur Richard Franz

Kan 'n surplus brandstof net so skadelik wees as 'n tekort?

Vind u dit baie minder pynlik – miskien selfs aangenaam – om brandstof in u motor te gooi met die ru-olie pryse wat nou onlangs lae vlakke bereik het, dieselfde brandstof wat vroeër as baie skaars beskou is en wat waarskynlik binne enkele jare kan opraak?

Ons het nou so baie brandstof in Amerika dat meer vragmotors as motors verkoop word sedert 2005. Stygende voorrade en dalende aanvraag in Asië en Europa, tesame met 'n sterker dollar, het die prys van ru-olie onder \$50 per vat gedwing, 'n 48% daling sedert 2014. Sommige kenners voorspel dat indien die prys tot onder \$39 per vat sal val, dit naderhand tot \$30 sal daal. Hierdie dramatiese prysverlaging het veroorsaak dat die oliereus BP (British Petroleum) gedurende 2015 werkafleggings by die maatskappy se Noordsee-aanleg aankondiging het.

Selfs al ry die gemiddelde persoon per motor werk toe en terug en trek hy voordeel uit die laer brandstofprys by die pomp, het dalende oliepryse werklik die potensiaal om chaos van wêreldwye afmetings te veroorsaak. Volgens *Bloomberg* en *Citigroup Inc.*, kan goedkoper brandstof “politieke spanning vererger deur druk op staatsinkomste en maatskaplike voordele uit te oefen, sê

Citigroup Inc. se ontleders in 'n verslag van 5 Januarie” (“*How \$50 Oil Changes Almost Everything*”, *Bloomberg.com*, 7 Januarie 2015).

Indien hierdie tendense voortduur sal die Russiese ekonomie met 5% daal as 2015 se oliepryse gemiddeld \$60 per vat bly. Die helfte van Rusland se staatsinkomste kom uit energie-uitvoere. Verdere daling sal die uitverkoop van die Russiese roebel, wat alreeds die vorige jaar met sowat 46% geval het, tot gevolg hê. Dit is die roebel se swakste vertoning sedert 1998, toe Rusland versuim het om plaaslike skuld te betaal. Namate die waarde van die roebel gedaal het, het die Sentrale Bank van die Russiese Federasie geen tyd gemors om 'n ekonomiewurgende rentekoersverhoging van 17% in te stel nie, wat gevolglik groot toenames in verbruikerspryse laat ontstaan het. So 'n terugslag in die ekonomie, indien ongehinderd gelaat, kan daartoe lei dat Rusland die eienskappe van 'n gewonde beer aanneem.

Die huidige President Hassan Rouhani van Iran is na aanleiding van sy belofte van nasionale welvaart verkies. Hierdie belofte is egter gebaseer op 'n prys van \$72 per vat ru-olie, nie die \$46,25 per vat toe die mark op Donderdag 15 Januarie 2015 gesluit het nie.

Dalende oliepryse het regdeur 2014 'n inkringing van Venezuela se ekonomie veroorsaak en bekommernisse laat ontstaan dat die regering nie sy buitelandse obligasies sal kan betaal nie. President Nicolas Maduro het sy regering gevra om die begroting selfs verder te verlaag, wat slegs sal bydra tot die huidige maatskaplike onrus namate regeringsprogramme opdroog en verdwyn. Intussen hou Saoedi-Arabië hulle op doeltreffende wyse doof vir die noodkrete van armer lede van die OPEC olieuitvoerders om produksie te verminder en die vrye val in internasionale pryse te stop.

Die Islamitiese staat sal sonder kontant-reserwes moontlik ekonomies en militêr meer nadelig geraak word as gevestigde olie-afhanklike lande. Dit mag neerkom op 'n waarskynlike verandering in die fokus en die aard van IS se terroriste bedrywighede. Die Islamitiese Staat sal hulle waarskynlik na ander lankgebruikte kontantgenererende metodes, soos afpersing en georganiseerde misdaad wend, om finansiël deur te kom. Dit is interessant om daarop te let dat, omdat sy olie uit verowerde streke van Sirië en Irak afkomstig is, hulle olie geen wetlike titel het nie. Sonder 'n wetlike titel kan IS-olie slegs op die swart mark teen baie

verlaagde pryse verkoop word.

Daar sal waarskynlik meer negatiewe gevolge wees indien die daling in die prys van ru-olie voortgaan soos dit voorspel is. Die negatiewe gevolge sal in die vorm van toenemende maatskaplike spanning en onrus wees, sê kenners, veral in lande waar olie die ekonomieë aan die gang hou.

Die goeie nuus is dat die gewone man op straat wat elke dag van en na sy werk ry, 'n mark geniet wat oorvoorsien is met 'n miljoen vate olie per dag. Die Bank van Amerika beraam dat oliepryse met 'n bykomende 30% sal daal tot 'n ongelooflike \$35 per vat, met voorkeur handel-voorspellings tot 'n moontlike laagtepunt in die

omgewing van \$20.

Hou aan om die *Wêreld van Môre* te lees om meer te leer, nie net van wêreldwye tendense in godsdiens, politiek, wetenskap en gesondheid nie, maar ook oor hoe daardie tendense saamwerk om die vervulling van eindtydse profesieë te vorm wat u en u geliefdes sal beïnvloed. **WVM**

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org**

Vervolg vanaf bladsy 18 – Kunsmatige Intelligensie

regdeur die geslagte aangewend het om tegnologieë teen 'n toenemend vinniger tempo te ontwikkel, het die morele kapasiteit om behoorlik en eties dit wat ons geleer en ontdek het *toe te pas*, nie bygehou nie. Die groei in kennis en vermoë het nie net groei in kapasiteit beteken om goeie resultate te behaal nie, maar ook in die vermoë om bese doelwitte te bereik.

Deur Goddelike intelligensie gered

Duisende jare gelede het God die mensdom sien saamwerk, hulle almal het een taal gehad en Sy opdrag verontagsaam om te vermeerder en die hele aarde te vul. Terwyl Hy hulle so sien werk, sê God van die opstandige mensdom: “Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onder-

neming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie” (Genesis 11:6). God het gesien dat vir die menslike intelligensie, indien dit ongekantroleerd gelaat word, **niks** buite sy bereik sou wees nie, selfs tot by die punt van sy eie self-vernietiging. Diegene wat twyfel dat die mensdom KI so doeltreffend kan skep dat dit lewe op ons planeet kan vernietig, sal geen troos in God se uitspraak vind nie.

Deur die tale van die mensdom te verwar, het God die onvermydelike dag vertraag wanneer menslike vindingrykheid en kreatiwiteit so 'n punt sal bereik dat dit die menslike ras self asook “alle vlees” van die oppervlakte van die aarde sal vernietig. Gelukkig sê God baie duidelik vir ons dat 'n dag sal aanbreek – ná die ongekende moeilike tye van die Groot

Verdrukking en ná die Wederkoms van Jesus Christus as Koning van die konings – wanneer menslike intelligensie, bevry van Satan en 'n sondesiek samelewing, gebruik sal word op die manier waarop God dit bedoel het. In 'n wêreld wat “vol [sal] wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9), sal die mens floreer onder die leiding van die Een wat hulle ontwerp het, wat vir hulle omgee en 'n merkwaardige toekoms vir hulle beplan het. Wanneer daardie dag aanbreek en menslike intelligensie gekombineer kan word, nie met die kunsmatige intelligensie van masjiene nie, maar met die Goddelike intelligensie van God Self, kan ons maar net begin om te dink wat bereik sal word. Mag God daardie dag bespoedig! **WVM**

Môre se Jeug

Die Kerk en die jeug

Deur Jonathan McNair

Vir die meeste jongmense deesdae is kerk en godsdiens in die daaglikse lewe van min belang. In vergelyking met skool, die sosiale media, populêre vermaak, sport en ander afleidings, is kerk nie aantreklik nie en ook nie ter sake nie.

'n Studie van die Pew Navorsingsentrum, *Religion Among the Millennials*, het die volgende bevind oor jong volwassenes (onder die ouderdom van 30):

- Een uit elke vier beskryf hulle godsdiens as “ateïsties”, “agnosties” of “niks in die besonder” nie.
- Een uit elke vyf sê hulle is in 'n godsdiens opgevoed, maar is nou onbetrokke in enige spesifieke geloof.
- Net 64 persent sê hulle is seker van God se bestaan.
- Minder as die helfte, 45 persent, sê godsdiens is baie belangrik in hulle lewens.
- Minder as die helfte, 48 persent, sê hulle bid elke dag.
- Van diegene wat by 'n

kerk betrokke is, sê byna drie uit vier, 74 persent, dat daar meer as een manier is om die ware leerstellings van hulle geloof weer te gee.

- Minder as een uit elke vyf, 18 persent, sê hulle woon weeklikse eredienste by.

Baie mense aanvaar dat dit 'n nuwe verskynsel is, uniek aan Generasie X, Generasie Y en die Millennialiste. Hierdie neiging word egter al vir dekades lank in die een of ander vorm waargeneem en pogings om die stroom jong mense wat die kerke verlaat te verminder, dateer reeds meer as 70 jaar terug, sedert organisasies soos “*Young Life*” en “*Youth for Christ*” probeer het om tieners te bereik (en om hulle ouers tevrede te stel) met aktiwiteit-georiënteerde programme, dikwels met eetgoed en lewendige musiek. Deesdae behels hierdie neiging visuele media, klank en beligting wat ontwerp is om met die stimulasie-vlakke van die popkultuur mee te ding en dit word gebruik om die aandag van selfs ouer volwassenes aan te gryp!

Wat nou maak?

Jongmense verlaat egter nog steeds die kerk. Waarom?

Kan dit wees dat hulle na die verkeerde dinge op soek is? Is daar 'n ander manier om die probleem te benader wat jong mense kan help om sin en betekenis te vind, sonder die slimpraatjies wat uitgedink is om hulle te mislei om te dink dat hulle kerk 'n video-speletjie of 'n konsert is?

Een groot verskil tussen die Bybelse aanbidding en die moderne tendense sluit die rol van die huisgesin in. Vir geslagte lank is kinders na “Sabbatskool” of “Sondagskool” gestuur, terwyl hulle ouers na die “regte” erediens gegaan het. U Bybel beskryf God se mense wat saam aanbid tog as gesinne. In 2 Kronieke 20:13 lees ons: “En die hele Juda het voor die HERE gestaan, ook hulle kinders, hulle vroue en hulle seuns”. In Joël 2:16 lees ons: “Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suiglinge!” God het die Israëliete in Deuteronomium 12:18 beveel om as huisgesinne byeen te kom om Sy Feesdae te geniet. In Exodus 12:26-27 beveel God die ouers om die betekenis van die Pasga aan die jonger geslag te verduidelik. In die volgende hoofstuk lees ons dat kinders veronderstel is om van hulle ouers te leer wat die betekenis van die Dae van Ongesuurde Brode is en om tyd saam met ander gesinne op hierdie Groot

Heilige Dae te spandeer.

Wat 'n wonderlike boodskap vir 'n jong persoon! Die kerk het nie nodig om u te paai, of om uit die hoogte met u te praat nie. U is op hierdie oomblik waardevol as 'n lid van u huisgesin! U is 'n integrale deel van God se plan, met 'n rol om te vervul. Onthou: “Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep” (Handelinge 2:39).

Wees bereid om te leer

By die kerk is dit die verantwoordelikheid van die spreker om u aandag te hou, maar dit is ook u verantwoordelikheid om aandag te skenk. Indien u na wysheid en insig soek, behoort u gretig te wees om te leer wat u kan, selfs al is die spreker nie die heel opwindendste nie. In Spreuke 2:1-4 dring God by 'n jong persoon aan om na wysheid en insig te soek. “My seun, as jy my woorde aanneem en my gebooe by jou bewaar” sê God.

Boodskappe wat in die kerk gegee word is nie net bedoel vir die “ouer garde” nie. Indien u oud genoeg is om te lees en hierdie artikel te verstaan, is u oud genoeg om te verstaan wat by die kerk geleer word. Luister en dink na oor wat gesê word. Dit is belangrik om met medegelowiges gemeensaam te verkeer, maar indien u besig is om SMS-boodskappe te stuur en u *iPhone* vir *Snapchat*

aktiwiteite na te gaan, sê dit eerder iets van u kort aandagspan as oor die vaardigheid van die spreker. Die Skrif sê nie aan ons dat die ouderlinge in die tempel super-opwindend was toe Jesus gekom het om van hulle te leer nie, maar Hy het hulle verbaas deur Sy nuuskierigheid en intense begeerte om te leer (Lukas 2:46,47). Wees dus slim. Gee aandag. Luister, leer en wees nuuskierig. Vra vrae. Om kerk toe te gaan gee aan u 'n unieke geleentheid om te leer en te groei.

Die waarde van kerk-aktiwiteite

Kerk-aktiwiteite dien 'n doel, maar dit is dalk nie wat u dink nie. Onthou Jesus se voorbeeld as 'n dienaar. Geen aktiwiteit is so “vervelig” dat u dit nie as 'n geleentheid kan gebruik om ander mense te leer ken en om te help om in hulle behoeftes te voorsien nie. Moontlik kan u in die kombuis help, of met opruimingswerk. Indien 'n aktiwiteit nie “goed genoeg” is vir u nie, praat met die organiseerders en vind uit hoe u kan help om dit beter te maak, vir u en vir ander jongmense in die groep!

Hierdie benadering sal u ook help om sterk bande van vriendskap en kameraadskap met andere, wat u Christelike waardes deel, te smee. Dit is 'n belangrike faktor wanneer u die uitdagings van die wêreld rondom u moet trotseer. Namate

u meer by andere betrokke raak, beteken u vir hulle iets en hulle beteken vir u iets. U mis mekaar wanneer iemand nie daar is nie.

Kry die boodskap

Dit is baie maklik om te sien dat kerk deesdae vir baie jongmense nie aantreklik is nie. Veral die gemiddelde kerk in u omgewing verskaf nie die korrekte antwoorde op die moeilikste vrae nie: Waarom is u gebore? Wat is u eindbestemming? Is dit iets vaag en vervelig, of is dit met besondere vreugde en betekenis gevul? Die meeste kerke van vandag gee net vlak, oppervlakkige antwoorde, wat nie eers uit die Skrif kom nie. Vir 'n jong persoon wat toegang tot die Internet het, kan selfs die eenvoudigste soektog bewys dat so baie van die tradisies van die moderne Christendom – Kersfees, Paasfees, Sondagdienste en meer – absoluut net tradisies van mense is.

U het egter toegang tot iets meer. U is in kontak met die ware Kerk van God – 'n liggaam van gelowiges met 'n mandaat om Christus se opdrag uit te voer, met die ware antwoorde wat u toekoms sal verduidelik en betekenis aan u huidige bestaan sal gee. Gewapen met hierdie waarheid en deur gebruik te maak van die beginsels wat hierbo uiteengesit is, kan die Kerk vir u (die jeug) meer beteken as ooit tevore. **WVW**

Vrae & Antwoorde

Moet diegene wat die Heilige Gees het alkoholiese drank vermy?

VRAAG: Verbied of ontmoedig die Bybel Christene om alkoholiese drank te drink?

ANTWOORD: Het Jesus toe Hy Sy heel eerste openbare wonderwerk in Kana verrig het en “sy heerlijkheid geopenbaar” het, sommer net druiwesap gemaak? (Johannes 2:11). Indien die troue in Kana volgens Joodse gebruik gehou is, sou die gaste beslis gefermenteerde wyn by die bruilof gedrink het. Nadat die gaste se wyn gedurende die feestelike opgeraak het, het Jesus hulle gehelp deur die water te verander in wat die Skrif “wyn” noem. Indien Jesus vir die gaste druiwesap gemaak het, sou hulle nooit aan die bruidegom die volgende gesê het wat in die Skrif opgeteken is nie: “Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar u het die goeie wyn tot nou toe bewaar” (Johannes 2:10).

Die Griekse woord wat Johannes vir wyn gebruik het is *oinos* en dit beteken **altyd** die gefermenteerde sap van die druif. Die Bybel lys 13 Hebreeuse en Griekse woorde vir “wyn”. Deur die gebruik van die woorde te vergelyk, kan ons die Skriftuurlike betekenis van wyn vind. Die woord wyn word die eerste keer in die Ou Testament in Genesis 9:21 gebruik. Noag het “... van die wyn gedrink en hy het dronk geword”. Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word is *yayin*. Hierdie wyn het gemaak dat Noag dronk word”. *Yayin* beteken **altyd** gefermenteerde wyn. God Self het wyn aan Abraham, die vader van die gelowiges, gegee. “En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn [*yayin*] gebring” (Genesis 14:18). Ons behoort daarop te let dat Melgisédek dieselfde Geestelike Wese is wat later uit die Heilige Gees en Maria gebore is om Jesus die Christus te word, die God van die Ou Testament. Indien u nie met Melgisédek se identiteit vertrou is nie, skryf asseblief aan die streekskantoor naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) en vra gerus u gratis eksemplaar aan van ons herdrukte artikel, *Wie is die God van die Ou Testament?*

Die sinsnede “vrug van die wynstok” word net drie keer in die Bybel gebruik – Mattheüs 26:29; Markus 14:25 en Lukas 22:18 – in 'n verwysing na

die Pasgadiens wat Jesus ingestel het op die aand voor hy gesterf het. Pasga word in die lente, herfs in Suid-Afrika, lank voor die jaarlikse druiwe-oes herdenk, dus sou enige “vrug van die wynstok” wat op daardie aand gebruik sou word, gegis moes wees, aangesien druiwesap lankal bederf sou wees in die houers wat in Jesus se tyd vir opberging gebruik is. Sommige mense beweer spottender wyse dat die produk wat gebruik was, “molasse” was – nog 'n manier om druiwe te bewaar sonder om wyn te maak. Dit maak nie sin nie, want soos ons kan onthou, was dit 'n maaltyd en Jesus en Sy dissipels sou nie molasse saam met hulle ete drink nie.

Dieselfde Griekse woord, *oinos*, wat in Johannes 2:3-10 gebruik word, word ook in Efesiërs 5:18 gebruik: “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul”. Druiwesap veroorsaak nie “losbandigheid” nie. Let ook op die beskrywing van die Apostels op die dag van Pinkster: “Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn [*oinos*]” (Handelinge 2:13): Verder: “Dit is goed om geen vleis te eet of wyn [*oinos*] te drink of iets *te doen* waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie” (Romeine 14:21). Paulus skryf aan Timótheüs: “'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig; hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar insiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie” (1 Timótheüs 3:2-3 NV). Wanneer ons “druiwesap” in hierdie konteks gebruik, sou die verse nie sin maak nie.

Nadat Paulus aan Timótheüs die medisinale waarde van wyn verduidelik het, skryf hy: “Moenie langer water alleen drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou herhaalde ongesteldhede” (1 Timótheüs 5:23). Weereens, die Griekse woord wat gebruik word is *oinos*, gefermenteerde wyn, nie druiwesap nie. Soos u kan sien, terwyl die Bybel dronkenskap veroordeel, leer die Skrif ons ook dat dit aanvaarbaar is om alkohol matig te gebruik. **WvM**

Profesie neem

Komende eindtydse konflikte

Baie moderne geleerdes kom tot die gevolgtrekking dat “die enigste beskikbare gids” vir politieke wetenskaplikes die menslike logika is, asook patrone van menslike gedrag wat met verloop van tyd onderskei kan word (*The Improbable War*, Christopher Coker, bl. 1-2). Hierdie sekulêre akademiese benadering kyk egter 'n bron mis wat *voorheen* en *nou nog* die toekoms in die dinamiese veld van internasionale betrekkinge voorspel. Die God van die Bybel kondig duidelik aan dat slegs Hy die toekoms kan voorspel en dit laat gebeur (Jesaja 41:21-24; 46:8-11) en “Hy sit konings af en stel konings aan” (Daniël 2:20-21; 4:35). In teenstelling met wat moderne geleerdes beweer, het die Bybel lank gelede reeds voorspel dat spesifieke nasies net voor Jesus Christus se Wederkoms na hierdie aarde in groot eindtydse konflikte betrokke sal wees – daardie profesieë neem *vandag gestalte aan!*

Antieke Bybelprofesieë

Nadat Jesus se dissipels Hom gevra het: “Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?” het Hy vir hulle gesê om op die *uitkyk* te wees vir 'n spesifieke reeks van gebeure,

wat wydverspreide godsdienstige misleiding, oorloë en gerugte van oorloë, natuurrampe en siekte-epidemies sal insluit – die “Vier Ruiters” van Openbaring – wat Hy gesê het, die “begin van die smarte” sou wees – *waarskuwingstekens* dat die einde van die wêreld naby is (Mattheüs 24:3-8; Openbaring 6:1-8). Die Skrif verklaar dat “oorloë en gerugte van oorloë” en ander rampe op 'n groot verdrukking sal uitloop, wat die voortbestaan van die menslike beskawing sal bedreig, tensy Jesus Christus terugkeer om in te gryp en die mensdom van totale uitwissing te red (Mattheüs 24:21-22).

Profesieë in die boek Daniël voeg meer besonderhede by tot hierdie eindtydse scenario. Omtrent 550 v.C. het Daniël geskryf: “Maar in die tyd van die einde” sal die koning van die Suide die koning van die Noorde aanval, maar die koning van die Noorde sal weerwraak neem en sy magte die Midde-Ooste instuur om Jerusalem te beset en Egipte, Libië en Ethiopië te oorrampel. Die koning van die Noorde sal dan deur “gerugte uit die ooste en uit die noorde” verskrik wees (Daniël 11:40-45). Profesieë in Daniël 2 en 7 dui aan dat die koning van die Noorde geskiedkundige bande met die antieke Romeinse Ryk sal hê. Profesieë wat betref die twee diere in Openbaring 13

openbaar dat die koning van die Noorde (die dier uit die see) deur Satan gemotiveer sal word en ondersteun sal word deur 'n prominente godsdienstige figuur (die dier uit die aarde) wat wonderwerke sal verrig. Openbaring 17 beeld hierdie godsdienstige figuur uit wat op die dier sal “ry” en die beleid van die koning van die Noorde sal bevoordeel en beïnvloed. Tien konings of nasies sal vir 'n kort tydjie hulle mag aan die koning van die Noorde gee om 'n handelsnetwerk met die handelaars van die aarde te vestig, voordat hulle uiteindelik teen die godsdienstige leier sal draai (Openbaring 17:12-13, 16).

Die koning van die Suide wat in Daniël 11:40 genoem word, lyk na 'n Arabiese Moslem konfederasie wat teen die einde van hierdie tydperk sal ontstaan (Psalm 83:1-8) om die tradisioneel “Christelike” magte van Wes-Europa, wat die Arabiese wêreld vir eeue oorheers het uit te daag. Die nuus uit die ooste en noorde wat die Europese koning van die Noorde onrustig sal maak, lyk of dit uit China en Rusland afkomstig is. Profesieë in Daniël 11:44 en Openbaring 9:1-12 dui aan dat die koning van die Noorde 'n aanval teen die nasies in die ooste sal loods. Openbaring 9:13-18 en 16:12 dui aan dat “die konings van die Ooste” dan met 'n groot leër 'n

gestalte aan

teenaanval van oos van die Eufraatrivier sal loods en in die Midde-Ooste sal inbeweeg om die koning van die Noorde in die oë te kyk. Dit sal egter hierdie gekombineerde weermagte wees wat deur die terugkerende Jesus Christus gekonfronteer en verslaan sal word (Openbaring 17:14; 11:15). Dit is die presiese eindtydse scenario wat in antieke Bybelprofesieë aange-teken is.

Profetiese neigings in die moderne wêreld

Dit lyk of huidige gebeure in die rigting verloop soos wat dit in die Skrif beskryf word. Vandag strewe die Europese nasies daarna om 'n gesamentlike verdedigingsmag te vorm wanneer die dreigemente van Islamitiese ekstremiste en groeiende getalle van oningeburgerde Moslem immigrante in ag geneem word. Europa word ook bedreig deur Rusland se pogings om invloed en beheer in gebiede in Oos-Europa te herwin. Die opgang van ISIS en sy poging om 'n kalifaat deur geweld en brutaliteit te vestig, verenig twissoekerige Arabiese Moslemlande wat daarna streef om 'n verenigde front teen hierdie opkomende mag te vorm ("A Pan-Arab Military Remains Elusive", *Stratfor*, 24 Februarie, 2015). Hierdie reaksie teen ISIS kan die opkoms van die Bybelse koning van die Suide bevorder.

In Europa is Duitsland besig om as die ekonomiese en politieke leier van die bekommerde Europese Unie na vore te tree (*German Europe*, Ulrich Beck). Daar word ook talle beroepe op Duitsland gedoen om 'n groter militêre rol te speel as teenvoeter vir Rusland se aggressiewe skuiwe (sien "*Bring back the Panzers to bolster NATO*", *The Times*, 20 Februarie 2015). Die verteenwoordigers van tien Europese lande het in Duitsland saamgekom om 'n Berlynse Klub te stig om idees vir Europa se toekoms te bespreek (*presseurop.com*, 21 Maart 2012 – sien Openbaring 17:12). In Europa probeer die pous in Rome ook om die afsonderlike vertakings van die Christendom te laat verenig. Hierdie pogings om die interne Moslem probleme, Islamitiese bedreigings uit die suide en die Russiese bedreiging uit die ooste te hanteer, kan tot die opkoms van die Bybelse koning van die Noorde lei, wat aangehelp word deur 'n magtige godsdienstige figuur, soos geprofeteer in Openbaring 13, 17 en 18 (sien die herdrukte artikel: "*Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?*").

Wat die "koning van die Ooste" betref, het die afgelope dekades getuig van China se opgang, 'n nasie met herinneringe aan eeue se vernedering en uitbuiting in die

hande van die Weste en 'n sterk begeerte om sy regmatige plek in die wêreld as die leidende nasie in Asië in te neem (sien die herdrukte artikel: "*Is dit China se eeu?*"). Die feit dat China en Rusland gesamentlik militêre bewegings uitgevoer het en Chinese militêre leiers gesê het dit is "absoluut noodsaaklik dat ons ons gevoel van wraak in die stilligheid vertroetel ... Ons moet ons vermoëns verberg en ons tyd afwag; ..." dui aan dat die konings van die Ooste gereed sal wees wanneer die tyd aanbreek om die antieke Bybelse profesieë te vervul (Bernstein en Monro, *The Coming Conflict with China*, bl. 3).

Dit is verrassend dat die huidige wêreld-supermoondheid, die Verenigde State, saam met Groot Brittanje as sy jarelange bondgenoot afwesig is in hierdie eindtydse profetiese scenario. Bybelprofesieë dui nogtans aan dat nasies van Israelitiese afkoms gedurende die laaste dae in groot moeilikheid sal wees, omdat hulle hulle van God gedistansieer het (Deuteronomium 32:29; Jeremia 3:21; 30:7). Talle profesieë dui aan dat hulle bondgenote teen hulle sal draai (Jeremia 30:14; Esegïël 16:37; 23:4-10) en dat hulle ondergang *skielik sal kom* (Jesaja 9:14; 29:5; 30:13). Nog 'n terroriste-aanval in die VSA of 'n toekomstige botsing met

China in die Westelike Stille Oseaan (wat Amerika se satelliet- en Internet-koördinerings van sy gevegsgroepe as sy Achilleshiel sien (sien *Asia's Cauldron*, bl. 26), kan daardie

ondergang verhaas en tot die vervulling van antieke Bybelprofesieë lei wat *lank reeds* hierdie toekomstige *eindtydse konflikte voorspel* het. Namate hierdie profetiese gebeure

gestalte aanneem, behoort ons vir Christus se Wederkoms voor te berei!

—Douglas S. Winnail

Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake

Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei?

Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar.

Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

Vervolg vanaf bladsy 14 – Ryke kom en gaan

u as individu geseën word indien u glo en handel volgens God se geopenbaarde waarheid! Daardie waarheid openbaar die toekoms van die nasies wat van die “verlore” tien stamme afstam, waaronder die VS, Groot-Brittanje en die nasies van Britse afkoms asook baie van die volke van Noordwes-Europa. Indien u dit nie alreeds het nie, skryf asseblief of skakel vir 'n gratis kopie van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Dit verduidelik die Bybelse oorsprong van ons Westerse nasies. Bybelse profesie openbaar wat geskiedskrywers,

wêreldleiers en politieke ontleders nie weet nie! U, as 'n getroue student van u Bybel, sal egter kan verstaan.

Soos gereelde lesers van die *Wêreld van Môre* weet, is baie van die Bybelse profesieë “tweeledig”. Daar is 'n eindtydse vervulling wat parallel loop met 'n antieke vervulling. Profesieë toon inderdaad dat die eindtydse afstammeling van Assirië weereens die eindtydse afstammeling van die verlore tien stamme van Israel sal straf. Sal u gereed wees wanneer dit gebeur? Is u seker van die tekens waarvoor u behoort uit te kyk? Hou aan om die *Wêreld van Môre*

te lees en om u Bybel te bestudeer en u sal leer hoe om wêreldgebeure in die lig van Bybelse profesieë te verstaan.

Of die Westerse nasies die lesse van die geskiedenis sal leer of nie en watter nasie ons ook is, ek en u kan ons individueel bekeer; ons moet ook. Die dag van God se oordeel oor mislukte menslike weë kom vinnig nader. Daardie nasies en individue wat hulle tot God wend sal geseën word. Wat behoort u te doen? Moenie vir u nasie wag om te verander nie. Dit is nou die tyd vir u om God met u hele hart te soek.

W&M

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

geskape het en 'n opperste **doel** vir ons in gedagte het, dan behoort ons **nie** “vir God in 'n kassie te sit nie”!

Die krag van geloof

Namate ons sien hoe Boko Haram en ISIS deesdae op duisende vierkante kilometer land beslag lê, stede terroriseer en talle teenstanders vermoor, alles in die naam van **godsdien**, behoort dit voor-die-hand-liggend te wees dat die “geesteswêreld” 'n *belangrike motiveerder* vir miljoene mense regoor die wêreld is. Ons kan dit nie ignoreer en verwag om te oorleef nie.

Wat beteken dit vir my en vir u? Die geïnspireerde Woord van God dui aan dat voordat Christus weer kom, die Arabiese wêreld sal verenig onder iemand wat die “koning van die Suide” genoem word (Daniël 11:40). Hy sal teen 'n “Dier”-moondheid, wat binnekort in Europa sal verrys, in opstand kom en dit sal *miljoene* mense betrek wat so totaal mislei sal wees dat hulle letterlik *teen Christus sal veg* met Sy Wederkoms (Openbaring 17:14)!

Hierdie tydskrif en alles wat hierdie Werk rugsteun, het ontstaan gedurende die eindtyd, die “laaste dae” van die huidige tydperk – soos die Bybel dit stel – om die nasies te **waarsku** dat die Skepper binnekort sal ingryp om die anti-God dwaasheid wat rondom ons aangaan, *heeltemal te stop*. Die lewende Christus sal binnekort as Koning van die konings terugkom (Openbaring 11:15). Hy sal die beskawing **verander**, 'n einde maak aan die voortdurende mededinging, misleiding, ontrouheid, moord en so baie ander vieslike dinge wat vandag aangaan, soms selfs in die naam van godsdien.

Reageer op die Waarheid!

Wat van u? *Indien* u gewillig is om aan uself te **bewys** dat daar 'n ware God is, ons Vader en

ons Skepper wat ons gemaak het en aan ons lewe en asem gee en indien u in staat is om aan uself te **bewys** dat die Bybel die *geïnspireerde openbaring* van daardie God is, dan behoort u daarop te **reageer**. U behoort 'n *studie* daarvan te maak, te mediteer en met u hele hart na God te “**soek**”. *Enigiets anders is dwaas!* Die Almagtige God het aan ons voorouers gesê wat hulle nageslag behoort te doen wanneer hulle uiteindelik in ballingskap geneem sal word aan die einde van hierdie huidige tydperk: “Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister” (Deuteronomium 4:29-30).

Verstaan u? Meer as enige ander “wêreld” waarin u uself mag bevind, is die wêreld van God se Waarheid die uiteindelijke wêreld wat u *hele lewe* sal raak, **baie meer** as wat u u nou kan indink!

Ek daag dus almal van u uit, liewe Lesers, om “dit na te jaag”. Die *ware* God, die Skepper en Heerser van die heelal, die Een wat *elke woord van die Bybel geïnspireer het*, sal aan u begrip, krag en hulp verleen indien u werklik na Hom “soek” soos die meeste van u nog *nooit voorheen gedoen het* nie.

In hierdie Werk is ons hier om u te *dien*. Ons wil u graag help. Ons kan 'n veel groter aanhang hê deur valshede soos die “hoofstroom” godsdien te verkondig, maar ons wil graag die paar mense help wat opreg wil leer en die Waarheid wil beoefen. Indien u dit nog nie gedoen het nie, bestel asseblief ons gratis *Wêreld van Môre-Bybelstudiekursus*. U kan dit bestel by www.wvm.co.za, of u kan met die streekskantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif) kontak maak. Ek *raai u ten*

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

sterkste aan om te begin om die Bybel te
bestudeer soos nog nooit tevore nie. Bestudeer
al ons gratis leesstof, maar *veral* die *Wêreld van*
Môre-Bybelstudiekursus. Indien u dit doen, sal
 dit u "lewe" verander soos nog nooit tevore nie –
indien u gewillig is om die tyd af te staan om te
studeer en te **reageer** op die heel belangrikste

doel wat God besig is om aan u te openbaar deur
hierdie Werk van u Skepper en u God!



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie
 insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met
 nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**